# SONOP NUUSBRIEF

**Ons deel ons sonstrale met almal.**

08 April 2022

Beste Ouer(s) en Voog(de)

Die tweede kwartaal het teen 'n spoed begin en ons is reeds aan die einde van die eerste week. Ons vertrou dat u reeds die belangrike datums vir die tweede kwartaal ontvang het. 'n Volledige sportrooster sal uitgegee word sodra ons alle wedstrydbepalings van al die sportkodes ontvang het.

**PERSONEEL:**

Ons verwelkom **mev. Chantelle Jonker** as sielkundige berader by ons skool. Ons wens haar alle sterkte toe en vertrou dat sy baie gelukkig by Sonop sal wees. U het reeds vroeër die week inligting rakende haar dienste ontvang. Berading word gratis aan die leerders van ons skool aangebied. Maak gerus, deur u kind se klasopvoeder, 'n afspraak met mev. Jonker indien u voel dat u kind enige van haar dienste nodig het.


**Mej. Janelle Smit** trou op 16 April en sal dan mev. van den Heever wees. Ons wens haar en haar aanstaande 'n geseënde en gelukkige huwelikslewe toe.

**VORDERINGSVERSLAE:**

U kind(ers) het vandag 'n vorderingsverslag ontvang.
U kry eerskomende Woensdag ,13 April, die geleentheid om u kind se portefeuljes te besigtig.
Sien die skrywe wat vandag hieroor aan u as ouers gestuur is.

**<u>TOP 10 – kwartaal 1</u>**

Hartlik geluk aan die ondergenoemde leerders wat gedurende die eerste kwartaal van 2022 uitsonderlike akademiese prestasies behaal het. Ons is trots op elke leerder wat hul bes doen en hard werk, maar sonder graag die top 10 leerders in elke graadgroep uit. Wel gedaan en doen so voort!


















**ASSESSERING EN FORMELE EKSAMEN:**

Die tweede kwartaal se eerste deel van die assessering sal op dieselfde wyse geskied as tydens die eerste kwartaal.  Dit bestaan uit deurlopende assessering wat by wyse van formele- en informele toetse, take, projekte en so meer sal geskied. Die intersenfase leerders (gr. 4 – 7 en LSEN IF) het vandag 'n assesseringsprogram vanaf die opvoeders ontvang.

**Die Formele Junie eksamen** begin op Donderdag, 26 Mei, vir die graad 7's en op Maandag, 30 Mei, vir die graad 4-6 en LSEN IF-leerders. Die skool sal tydens die eksamen elke dag vir alle leerders om 12:00 sluit.

Die eksamen eindig op 10 Junie.

## Buitemuurs tydens die afgelope skoolvakansie:

### ATLETIEK

Mieke van Tonder, 'n graad 7-leerder en Tiaan Vosloo, 'n graad 6-leerder, het tydens die vakansie aan die SA Skolekampioenskappe in Potchefstroom deelgeneem.

Mieke behaal 'n 6de plek in die 75m hekkies in haar uitdun en 'n 3de plek in die 200m hekkies, ook in 'n uitdun. Sy het naelskraap die finaal gemis!

Tiaan Vosloo spog met twee silwer medaljes in die 75m en 150m hekkies vir seuns 12 jaar.










### TENNIS

Keagan Grobbelaar, 'n graad 7-leerder, het in Bloemfontein aan die Super 8 Growth Point Toernooi deelgeneem en het 'n ongelooflike 12de plek in die land behaal!  Keagan het ook die Oos-Kaap by 'n nasionale toernooi in Bloemfontein verteenwoordig waartydens sy span sesde uit 18 spanne geëindig het.

Sy jonger boetie, Keanu, het ook aan 'n toernooi deelgeneem.  Ons is baie trots op hierdie twee seuns en sal beslis hul vordering op die tennisbaan met groot belangstelling dophou.



KEAGAN GROBBELAAR






KEANU GROBBELAAR

## RUGBY

Die o/13 rugbymanne het vanaf 25 tot 28 Maart aan die Marlow Rugbyfees in Cradock deelgeneem. Hulle het drie wedstryde gespeel waarvan hulle een gewen en twee verloor het.







## BUITESPORT

### BOFBAL



**Zachary Coetzer,** ‘n gr.5- leerder, het die O.P-span by ‘n provinsiale toernooi in Kaapstad verteenwoordig. Zachary is toe vir die o/12 SA span gekies. Baie geluk Zachary, ons is só trots op jou!





### MODELWERK

Jano Alberts, 'n graad 6 leerder, is gekroon as Mr. Eastern Cape Teen Jnr 2022. Baie geluk met die pragtige prestasie.

## KWARTAAL 2 - SPORT

## TENNISKLINIEK

Ons het gister ‘n tenniskliniek vir ons grondslag- en intersenfase leerders by ons skool aangebied. Ons het ywerige tennisspelers wat die kliniek bygewoon het. ‘n Groot dankie aan Reghard van der Merwe wat die kliniek vir ons spelers kom aanbied het. Die spelers het dit baie geniet. Ons hoop om in die toekoms weer so ‘n kliniek aan te bied.





## RUGBYPROEWE

Die o/13 seuns het gister aan die tweede rondte proewe deelgeneem. Baie geluk aan die volgende seuns wat deur is na die volgende rondte:

- Keanu Fortuin
- Ewan Meiring
- Hanco Nell
- Marvin Samuels
- Errol Te Brugge
- Hiren van Loggerenberg

## NETBALPROEWE

Die o/12 en o/13 meisies het gister aan die eerste rondte netbalproewe deelgeneem.





Baie geluk aan die volgende meisies wat deurgedring het na die volgende rondte.

| **o/12** | **o/13** |
| --- | --- |
| Megan Jansen van Vuuren | Mieke van Tonder |
| Kiara Swanepoel | Kayla van Tonder |

## WINTERSDRAG:

Op 3 Mei sal ons amptelik na wintersdrag oorskakel . Dit is baie belangrik dat ons leerders met die dra van wintersdrag so eenvormig as moontlik sal lyk.

**Let asseblief op die onderstaande voorskrifte rakende wintersdrag.**

**Meisies**:
Die meisies dra hul skoolrokke, tesame met 'n skoolbaadjie en langmou- of kortmou skooltrui. Hulle dra dan lang grys kouse met die maroen strepe. Lang, swart broekiekouse is aanvaarbaar, die swart, wol broekiekouse is warmer as gewone broekiekouse en is by talle afdelingswinkels beskikbaar. Geen sweetpakbroeke word toegelaat nie.

**Seuns:**
Die seuns dra hul lang of kort grysbroeke, tesame met 'n skoolbaadjie en langmou- of kortmou skooltrui. Die seuns mag ook gedurende die **wintermaande**, 'n withemp met lang moue, sonder die skoolwapen dra, maar alleenlik indien dit onder 'n maroen, moulose of gewone skooltrui gedra word.

Let asseblief daarop dat **maroen** "windbreakers", warm, **maroen** baadjies (jackets), asook ons skool se sweetpakbaadjies op baie koue en reënerige dae, <u>wel binne en buite die skoolgebou gedra mag word</u>, mits u kind ook 'n skooltrui onder die baadjies of sweetpakbaadjie dra. Die warm, maroen baadjie ("windbreaker") of 'n skool sweetpakbaadjie **VERVANG NIE** 'n skooltrui of –baadjie nie.




Indien **serpe** gedra word, mag dit net **maroen** wees.

**<u>Warm Kombersies</u>** kan ook teen R115 elk by die skool se sekretaresses bestel word. U kind se naam en van word op die kombersies borduur.

## SPELOLIMPIADE

Ons het ongelooflike goeie steun van u as ouers gekry tydens ons jaarlikse spelolimpiade.
Ons het 'n bedrag van **R28 708.50** ontvang!
Baie geluk aan die **graad 3C** klas wat 'n bedrag van R2 458 ingesamel het.




Die leerders wat die meeste geld ingesamel het is:
Emily Vos – R1 050 Graad 1
Ethan Hoogh – R480 Graad 1

Nogmaals baie dankie vir u oop hand en mooi, omgee harte!!

## FINANSIES

Ons wil graag 'n beroep op u as ouers doen om u skoolgeldverpligting maandeliks na te kom. Skoolfonds is vooruitbetaalbaar en u derde maandelikse betaling was reeds op 1 April betaalbaar.

U het almal vandag 'n staat saam u kind se verslag ontvang. Gaan asseblief die staat na en maak seker dat al u betalings korrek reflekteer, want dit gebeur soms dat ouers verkeerde verwysings gebruik. Indien daar 'n fout op u staat is, vra ons u om so gou as moontlik die kantoor te kontak of per e-pos in kennis te stel by finansies@sonop.co.za.

Ons wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om die ouers te bedank wat so gereeld hul skoolgeld betaal, sonder u sal ons skool nie kan funksioneer nie.

## FONDSINSAMELINGS

Daar word 'n steakbraai/mandjiedans beplan vir Vrydag, 20 Mei. Omkring asseblief die datum op u kalender en help ons om van hierdie geleentheid 'n sukses te maak.



MAY 2022

| Sun | Mon | Tue | Wed | Thu | Fri | Sat |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 0 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | 1 | 2 | 3 | 4 |

Free Printable Calendars from Typecalendar.com

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

M.J. KLEYN

8 April 2022